16.13 RAPPORT 8: DEPUTATE EKUMENISITEIT BUITELANDS – LESSENAAR SUID-AFRIKANERS IN DIE BUITELAND (Art 54)

A. Ds HS Coetzee lewer die Rapport.
B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.

C. **RAPPORT**

Deputate verantwoordelik vir die lessenaar: Word administratief hanteer en verwys na alle lessenaars.

Vir kennisname

1. Opdrag

1.1 Dit word aan die onderskeie Deputate betrokke by Nieu-Seeland, Australië, Kanada en Engeland opgedra om tydens hulle besoeke en in hulle korrespondensie met die onderskeie buitelandse kerke die inskakeling van gewese Gereformeerde lidmate aan te raak en met oud GKSA predikante wat bedieningswerk in die lande doen, kontak te behou.

1.2 Die inligting oor plaaslike gemeentes van die kerke in die onderskeie lande wat in korrespondensie met die GKSA staan, moet aangevul en opgedateer word. Dit moet ook op die GKSA se amptelike webblad beskikbaar gestel word.

1.3 Die plaaslike gemeentes van die GKSA moet bewus gemaak word dat die inligting in verband met kerke in die buiteland by die Administratiewe Buro beskikbaar is.

Besluit: Punte 1.1 tot 1.3 kennis geneem.

2. Uitvoering van opdrag

2.1 Tydens besoeke aan Nieu-Seeland, Australië, Kanada en Engeland is die inskakeling van gewese Gereformeerde lidmate en ander oud Suid-Afrikaners telkens bespreek en moeite gedoen om met diesulkes te ontmoet. Daar is ook moeite gedoen om met oud GKSA predikante wat bedieningswerk in die lande doen, kontak te behou.

2.2 Inligting oor plaaslike gemeentes van die kerke in die onderskeie lande wat in korrespondensie met die GKSA staan is deur die webblad en die kerklike tydskrifte deurgegee aan gemeentes en lidmate.

Besluit: Punte 2.1 en 2.2 kennis geneem.

Vir besluitneming

2.3 *Aanbevelings*

2.3.1 Aan die Deputate ekumenisiteit word opgedra om tydens hulle besoeke en in hulle korrespondensie met die onderskeie buitelandse kerke (waaronder die in Nieu-Seeland, Australië, Kanada en Engeland) die inskakeling van gewese Gereformeerde lidmate en ander oud Suid-Afrikaners aan te raak en met oud GKSA predikante wat bedieningswerk in die lande doen, kontak te hou.

2.3.2 Dat inligting oor plaaslike gemeentes van die kerke in die onderskeie lande wat in korrespondensie met die GKSA staan soos nodig aangevul en opgedateer word, op die GKSA se amptelike webblad beskikbaar gestel word en plaaslike gemeentes van die GKSA daarvan bewus gemaak word.

Besluit: Punte 2.3.1 en 2.3.2 goedgekeur.